**Lering tov Bevryding…Byvoegsel no.2** **17 Augustus 2020.**

**Soulties…Bevryding daarvan.** Nog nie ge-editeer nie.

**Opgestel deur: de Oude pasta Zarri.**

*Dagsê dierbares, Soos ons verlede keer geleer het, is soulties, ons hou maar aan om dit so te noem, agv die lang Afrikaanse benaming, 'n taamlike tameletjie in baie mense se lewens, aangesien meeste mense, nie eers daarvan bewus is nie.*

***Seksuele soulties.***

***Ek gebruik skuilname.***

*Daar is natuurlik meer redes hiervoor, as net seksueel oorgedra, maar ek wil u van net een so geval vertel. 'n Baie goeie vriend van my Vernon, het voor sy huwelik, een aand, 'n minder kuise meisie, inry teater toe geneem, wetende dat sy geen morele waardes gehad het nie. 1Korintiers 6:18 Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf* ***sondig teen sy eie liggaam***.

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat ***julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees*** wat in julle is, wat julle van God het, en ***dat julle nie aan julself behoort nie?***

1Kor 6:20 Want julle is ***duur gekoop***. ***Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.***

*Leanie het 'n* ***baie ernstige****, geestelike afwyking gehad, was ook met vrouens seksueel betrokke. Ons was saam op skool en sy het gedurig met die onderwysers gebots. Sy was, agv haar gedrag, uit 'n vorige skool geskop.*
*Sy is baie vroeg in haar lewe, aan kanker in die vroulike organe oorlede. Op ouderdom 23 is Vernon met 'n pragtige vroutjie getroud. Hulle was so 5 jaar getroud toe sy, met dieselfde kanker as Leanie, gediagnoseer was en is, baie kort daarna, oorlede.*
*Na haar dood, het hy homoseksueel geraak en is ook op baie jong ouderdom aan kanker dood. Kan u die demoniese seksuele soulties sien?*

***Ongoddelike soulties.***

***Verskeie oorsake.***

***OormatigeRouproses***

*Ek wil u graag van een so voorbeeld vertel, waar* ***ongoddelike soulties tot die dood gelei het.***

*So bietjie meer as 20 jaar gelede, het 'n bekende Suid Afrikaanse sportman se vrou in die Ooskaap verongeluk. Hierdie ongeluk het, op 'n plek, waar baie mense voorheen hul lewens verloor het, gebeur. Op die eerste verjaarsdag, van die man se eggenoot se ongeluk, het die man daarheen gegaan om blomme en 'n kruisie daar te gaan plaas.*

*Intussen het hy by ander mense gehoor, van die baie ongelukke op daardie selfde plek en mens kan aanneem dat hy die plek versigtig genader het, maar hy het,* ***net daar, op dieselfde plek ook verongeluk.***
*Nouja, baie mense sê dat daar 'n vloek op die plek rus, en ja, ek glo ook so, maar ek wil graag 'n ander perspektief daarop plaas….gees van rouproses…spirit of mourning deur ongoddelike soultie veroorsaak. Hy het elke dag 'n kers vir haar aangesteek en 'n swart bandjie om sy bo-arm gedra, elke sondag die 80 km daarheen gery en daar, waar sy dood is, gaan sit en treur, wat ook 'n weeping spirit op hom gebring het. Hier het die ongoddelike soultie op hom geklim.*
*Onthou net asb dat soulties demone is, wat groot skade doen.*
*Die spirit of mourning kan, vir baie jare op mense bly en groot verdriet veroorsaak. Ek ken iemand wat van 1947 tot 1968 net swart klere gedra het en nooit gelag het nie.*
*Hier kom die* ***Gawe van Die Gees*** *in….****Woord van Kennis****, maar mens moet* ***In Die Gees*** *wees,* ***onder Die Salwing****…*1Johannes 2:20 En julle het die **Salwing van die Heilige en weet alles**.

1Johannes 2:27 En die **Salwing** wat **julle van Hom ontvang het**, **bly in julle**, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde **Salwing julle aangaande alles leer**, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié **julle geleer het**, so moet julle **in Hom bly**.

Om in Die Gawes te opereer, moet ons **In Die Gees bly, onder Sy Salwing**.As jy dink dat jy nie goed genoeg is nie, gaan dit jou sleg pootjie. "Oom Sarel, ek het al soveel sondes, sedert my bekering gedoen, dat ek nie meer weet, of ek nog in Die Salwing kan kom en in Die Gawes kan opereer nie." Ek het goeie nuus vir jou, dierbare kind van God. Hou moed. **Bely die sondes en weet jy wat?**

1Johannes 1:8 As ons sê dat ons **geen sonde het nie, mislei ons onsself** en die waarheid is nie in ons nie.

1Joh 1:9 **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig**.

1Joh 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

*Lees asb hierdie Skrif en* ***skree hardop*** ***Hallelujah!!!!! Prys Sy Naam!!!***

Romeine 11:27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Rom 11:28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar ***wat***

***die uitverkiesing betref***, **bemindes** ter wille van die vaders.

**Rom 11:29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.**

*Skree weer hardop…..**Hallelujah!!!!!! Ja jy kan weer daarin opereer!!!!!!KYK!!!***

**Rom 11:29 Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.**

*Ek praat **uit ondervinding**. Maar kan ek dit regtig Skriftuurlik bewys? Ja dierbares.*

1Timoteus 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet **ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie.** ***Hou jou rein!!!!!***

(2Korintiers 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?) *maar het by verskeie geleenthede, met die volgende in aanraking gekom. Hier wil ek graag 'n paar voorbeelde gee, waar ek ungodly soulties, waar naasbestaandes en ander, betrokke was, deur **Woord van Kennis onderskei het.***

Johannes 14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en **hy sal groter werke doen** as dit, omdat **Ek na my Vader gaan.**

## *Onvergewensgesindheid en bitterheid.*

*'n Paar jaar gelede het ek en Salomie 'n vrou in Panorama, in die Kaap, bedien. Oppad daarheen het Die Here hierdie Skrif in my gees geplaas.*

Psalm 46:10 Be still, and know that I am God.

*Ek het dit dadelik vir Salomie vertel en was baie opgewonde, dat Die Here 'n groot werk daar sou doen, maar helaas, teleurgesteld weggegaan.*

*By ons aankoms, is ons deur die man ingenooi en toe ons oorkant die vrou gaan sit, sien ons 'n kleinerige klippe, op die koffietafel lê, met die woorde….Wees stil en weet, ek is jou God. Salomie het dadelik vir die vrou genoem, dat Die Here dit vir my gegee het, maar tot my verbasing, het dit geen indruk op haar gemaak nie. Sy het een of ander kanker gehad en was baie siek.*

*Ek het gebid en dadelik kry ek dit, dat sy een of meer, ongoddelike soulties het.*

*Ek het gou badkamer toe gegaan en vir Die Here gevra vir Die Gawe van 'n Woord van Kennis. Toe ek uit die badkamer stap, sien ek 'n pen of potloodskets, van 'n jongman, omtrent 16 of 17 jaar oud, teen die muur.*

*Dadelik kry ek die Gawe waarvoor ek gevra het. Die Here openbaar, dat dit 'n skets van een van hulle kinders was en dat hy verdrink het. Ook hoor ek, dat dit die oorsaak van 'n ongoddelike soultie, agv die mourning spirit en bitterheid, teenoor hul ander seun was, en dat hulle dadelik die skets moet verwyder en wegpak. Dit was 'n groot struikelblok vir die ander seun, aangesien die vrou hom, altyd daaraan herinner het, dat hy die oorsaak van die seun se dood was. Toe ek noem dat Die Here vir my opdrag gegee het, dat sy die skets moes wegpak, het sy haar vir my vererg, 'n liefdelose, bitter, koue Pinkstervrou, besig om aan kanker te sterf, op die punt om my weg te jaag, toe Die Here my nog 'n Woord van Kennis gee.*

*Ek sê vir haar: "Mevrou, ek sien in my gees, dat u 'n verpleegsuster was en dat u, agv 'n baie slegte verhouding, met die hospitaal matrone, daar weg is. U het haar nog nie vergewe nie, maar u sê u gaan binnekort hemel toe. Met onvergewensgesindheid in u hart?"*

*Toe manifesteer sy hewig, met rukkings oor haar hele liggaam, terwyl sy skree: "Die Here kan nie van my verwag om die #@$% t@@f te vergewe, na wat sy my aangedoen het nie. Jy weet nie wat daar gebeur het nie en nou verbeel jy jou, jy is God en staan en kritiseer en veroordeel my."*

*"Nee mevrou, ek veroordeel u glad nie, dis deur 'n Woord van Kennis, wat u as Pinkstermens, behoort te ken, direk uit die Hart van Die Here. Hy vertel vir my dat u onvergewensgesind is.....ek sou dadelik daardie vrou vergewe, as ek u was, wetende dat Die Here daarvan weet en aan my, Sy kneg, openbaar om u te waarsku. Bedank eerder Die Meester, dat hy my vandag hierheen gestuur het ,om u weer op die smal weg te plaas. Daar is **geen ander weg** nie mevrou, **as u nie vergewe nie**, **kan Vader u nie vergewe nie.** U is dus reguit oppad na 'n bestemming, waar niemand heen wil gaan nie. Ek is nie u vyand nie, satan is en hy het u in die holte van sy hand. U het nou 'n ongoddelike soultie met daardie vrou, en die demoon wat daaraan gekoppel is, gaan u in die hel laat beland. Is u nou gereed ,om haar te vergewe en total vry te spreek"?*

*Dierbares, hierdie vrou, **was so bitter teenoor Die Here**, dat sy kanker gekry het, dat sy net eenvoudig geweier het om haar te vergewe. Sy is 'n paar maande later oorlede.*

## *Vals lering.*

*Eendag loop ons haar man by vriende raak. Ek vra hom toe, of sy vrou ooit daardie matrone vergewe het maar, kop onderstebo, antwoord hy dat sy, tot aan die einde, geweier het. Daardie ongoddelike soultie demoon het gesorg, dat ek nie vir u, met sekerheid kan sê, dat sy veilig in Jesus se arms kon gaan rus nie. Tragies ja. Om 'n kort rukkie op aarde, met soveel haat en bitterheid te sit, dat mens 'n ewigheid in die hel moet deurbring. Hier kom dit.*

*By 'n volgende geleentheid, ontmoet ek weer haar man, by dieselfde vriende. Groot was my skok, toe ek 'n groot "Dawid ster" plakkaat, op sy motor sien, met 'n Israeli vlag wat by die motorvenster uithang. En nee, geliefdes. Ek is lief vir die Jode en Israel en ek weet ons moet vir die vrede van Jerusalem bid, wat ek, tot my skande,* ***alewig vergeet*** *om te doen. Maar hierdie "geloof" wat hy aangeneem het, is die sogenaamde "Wit Israeliete". Dis weereens 'n ongoddelike soultie,* ***deur vals lering,*** *wat mense sommer goedsmoeds aanneem, sonder om Die Here te vra vir* ***Die Gawe van Onderskeiding.*** *Hieroor sal ons, wanneer ons oor sektes leer, dieper daarop ingaan.*

*Destyds, met my bekering, het Die Here my na 'n wonderlike Godsman, pastoor Bienedell gelei, wat hordes demone uit my tempel gejaag het. Een van die hordes, gees van vals lering, in die bekende toringkerke, daarmee besmet, was gees van valse kleuterdoop.(* Handelinge 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.) 8 dae oue babas bekeer?

*Hierdie was die enigste demoon, alhoewel ek gedink het, dat die ander demone, baie sterker sou wees, waarmee die pastoor 'n erge geveg mee gehad het. Die pastoor het my vertel, dat baie jare, se sit onder die prediking van vals leraars, 'n baie sterk ongoddelike soultie wat 'n* ***vals, vrymesselaars spelonk*** *oor mens bring.*

***Eina!!!Ja, dis die waarheid.*** *Ennie waryt isse naryt ma hou djou ytie gevaryt.*

Joh 8:31 En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: **As julle in my woord bly**, is julle waarlik my dissipels.

Joh 8:32 En julle **sal die waarheid ken**, en die waarheid ***sal julle vrymaak***.!!!!!

Johannes 14:6 Jesus antwoord hom: ***EK IS die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie***.....*Nee dierbares, nie deur* ***kerk leerstelling*** *nie, maar deur* ***EK IS!!!!***

*Baie vroeg in Die Bediening in God's Koninkryk, dit was iewers in 1986, toe ek nog nie eers alles verstaan het nie, en hiermee, wil ek, nie eers amper voorgee, dat ek al alles verstaan nie, word ek op 'n dag gelei om my eie mammie te bedien. Op daardie stadium, was sy met nikotien gees gebind.*

*Op pad daarheen, vra ek Die Here wat die oorsaak kon wees. Toe hoor ek dis 'n ongoddelike soultie met 2 skoolmaats en die een was 'n Italiaanse meisie, wie se ma teekoppies gelees het en dit gereeld vir hulle drie gedoen het. Tannie Myra, die Italiaanse meisie was 'n Rooms Katoliek en my mammie was 'n paar keer, saam met haar, in hierdie uiters gevaarlike demoon aanbidders "kerk" en het selfs "mass" met die eucharist gebruik, 'n baie gevaarlike sakrament, waarin Thammus, Horus, Set en Ishtar verheerlik word. Die vrymesselaars gebruik dit ook by inlywing. Sal ook dieper bestudeer in ons lering,* ***SEKTES.*** ***Iantjie boy sal meer hieroor uitbrei***

Dit het my mammie my jare later eers vertel. Toe ek my mammie vra, sê sy dat hulle hul duime gesny het en die bloed gemeng het, in 'n bloedverbond. Toe stig hulle 'n "bende" wat hulle die Blackhole of Calcutta genoem het. Hulle het vir mekaar "geheime" briewe, in kodetaal, met onsigbare ink, geskryf en ewige vrede, vriendskap en liefde aan mekaar belowe. Een van hul rituele was, om saam 'n sigaret te rook, alhoewel hulle nie gerook het nie. Hulle het vir 'n hele aantal jare, selfs in hul getroude lewens, elke jaar bymekaar gekom en ewige trou aan mekaar gesweer, met hul hande op Die Bybel.

Toe ek **hoor** van die Blackhole of Calcutta, het ek **vreeslik geskrik.** Ons het nog geskiedenis op skool geleer en ek het daarvan geweet. **Ek sal u hiervan by die lering sessie vertel.**

Nou gaan u leer, hoe **gevaarlik** so bloedverbond en fortuinvertellery regtig is.

By een van die teekoppie lesery, het die vrou gesê, dat daar 'n vloek, deur een van die skoolmaats, wat ook in hul bende wou wees, oor hulle uitgespreek was, maar sy kon nie sê wat dit was nie. Ek het dadelik geweet, want die soultie was aan die groep se naam gekoppel en deur die bloedverbond, demonies ge-"legalise" Al drie maats se eersgeborenes is voor ouderdom drie jaar oorlede, ook my sussie.

Ek het my mammie in gebed van belydenis gelei, die soulties verbreek, die vloeke verbreek, die nikotien duiwel en al die demone, gekoppel aan rooms katolisisme en eucharist, simbool van valse christus, uitgedryf. Dadelik was my mammie verlos. In die verlede en tot onlangs nog, moes ek mense, veral vrouens, van bloedverbonde vrymaak.

**Bloedskande.**

Ek moes eenmaal 'n vrou bedien, wie deur haar pa, haar broers, haar ooms, haar stief oupa en ander familielede verkrag is. Dit het begin toe sy nog nie 4 jaar oud was nie.

**Wat** het sy daardeur opgetel? Genade mense. Sy was destyds 24 of 25 jaar oud. Sy was heeltemaal verniel en het soos iemand, dubbel haar ouderdom, gelyk. Haar hare het in bosse uitgeval en sy moes 'n pruik dra. Haar man het nooit gewerk nie, sy moes die huis onderhou, deur haar liggaam te verkoop. Sy was een groot totale wrak.

Die stief oupa het veelvuldige sklerose gehad.

Haar pa longtering deur bose gees.

Een broer was in gevangenis weens beestialiteit.(seks met diere).Perversiteit.

Sy was skaars op skool, toe dokters haar met veelvuldige sklerose diagnoseer. Nie bloedlynvloek nie.....stief oupa, nie bloedfamilie nie.

2 maal in Donkin TB Hospitaal in Port Elizabeth vir longtering. Dokters kon nie vasstel waar die longtering ontstaan het nie. Haar pa was al amper 20 jaar dood en daar was niemand met die kwaal in haar familie nie.

Met bediening erken dat sy, vir betaling, in liederlike videos opgetree het en met honde seks gehad het.
Erge geeste van wellus en veral perversie. Haar bediening het amper 6 weke geneem, agv lae intelligensie, wat groot struikelblok was, om geopende deure toe te hou.
Nou gaan ek, ter afsluiting, u persoonlik vertel van ons familie se, ongoddelike soulties met die spinnekop en hoe Die Here my gelei het, om ons vry te maak, van ons verbintenis met die vrymesselaars, Die Ossewa Brandwag, Robbie Leybrand, die Nazis en haat vir die Britte en Nasionale Party lojaliteit.
Ons behoort hierdie lering oor soulties volgende week te voltooi, behalwe as u voel ons moet soulties oor u lewe verbreek.

Ons stop vir eers hier. Daar is nog heelwat meer inligting wat ek met u wil deel. Sal eers hierdie lering vir u stuur en dan nog 'n byvoegsel vir die res hiervan.
Mooibly en Shalom